



## Verlossing kom van die HERE

### Teks vir die preek:

*“Die heil behoort aan die HERE...”*

**Psalm 3**

HJ Momberg

© by skrywer - 2011  
[www.christelikebiblioteek.co.za](http://www.christelikebiblioteek.co.za)

### Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 66:1, 7
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 65:2, 3
5. Gebed
6. Psalm 63:2-3
7. Skriflesing en teks: Psalm 3
8. Preek
9. Sing Psalm 62:1, 5
10. Gebed
11. Kollekte
12. Sing Psalm 73:2, 10, 11
13. Seën

Geliefde broeders en susters in Christus,

Hy was die kroonprins van Israel, die liefingseun van Dawid, 'n ware held onder die volk. Maar hy het sy guns op 'n verdagtelijke manier verkry. In 2 Sam 15 is die hele verhaal opgeteken. Absalom het die mense wat vir regspraak by die koning gekom het broederlik lojaal begroet en gesoen. En dan vir hulle 'n goeie woordjie in die regspraak gedoen. Maar Absalom se guns het hom verlei.. opstand teen sy vader. Neem die wapen op saam met 'n gedeelte van die weermag agter hom aan...

En waar dit nog na 'n tipiese verhaal uit bykans enige bestaande koninkryk klink, is hierdie een tog in 'n besondere opsig baie spesiaal. Want die koningskap in Israel destyds was nie maar net nog 'n koningskap tussen baie ander nie. Israel was nie maar net 'n gewone volk nie. Hulle was die kerk van die Ou testament, en die koningskap in Israel was 'n besondere vergestaltung van die Kerkregering van die Ou Testament. Daarom was Absalom se opstand in dieselfde mate erger.. dit was opstand teen die gesalfde koning wat in die koninklike amp – die HERE se koningskap oor sy kerk bedien het. Dit was 'n sameswering teen die troon van God. Indringing in die diens.

Gelowige koning Dawid moes intussen sy troon ontruim en vlug vir sy lewe saam met 'n klompie getroue soldate... en hulle het hierdie beproewing al vluggende biddende in die geloof aangepak. En hulle het hulle lot in die hande van die HERE geplaas. As 'n gelowige, en op die persoonlike vlak, is Dawid hier ernstig beproef.. tot so 'n mate dat sy lewe bedreig is en hy van alle menswaardigheid gestroop sou word. En hierin is daar ook 'n manier waarop ons as gelowiges in die stryd van hierdie lewe altyd weer met Dawid kan identifiseer.

Dit gebeur dan ook met die gelowige dat daar dae in sy lewe aanbreek waarin hy totaal ontredderd is.. 'n sware beproewing kom oor hom. 'n ellendige siekte, 'n vyandige aanvaller, 'n geslepe dief, 'n onverwagte ongeluk, 'n plotselinge ramp...

In sulke oomblikke kom die spotterny en twyfelvrae aangerol. Dit spot in jou ore... as hulle dit jou probeer wysmaak "dat daar vir jou geen heil by God is nie. Daar is geen swaarder aanval op die gelowige nie.. die Satan se drang om die gelowiges van God weg te rokkel met twyfelgedagtes. Soos geoefende beraders kom die Jobsvriende dan

aangestap om jou dit wys te maak dat jy die vreeslikste sondes gedoen het en dat die HERE jou nou daarvoor besoek.. asof die HERE se straf so oor jou kom.

As mens ongelowig is, dan dink hy dat die geluk en die ongeluk soos die beslissings van die noodlot oor ons kom. Dan begewe die ongelowige hom in die losse vaarwaters van die blote sameloop van omstandighede.. 'n slagoffer van die ideologie van die noodlot

Maar net soos koning dawid, erken die gelowiges die feit dat God oor ons die wag hou. Ons hele lewe, elke dag is reeds vooruit getel. En beplan (Ps 139) en daar is geen plek waarheen ons God se alomteenwoordige aandag kan ontsnap nie... selfs nie eers as ons hardnekkig probeer om Hom te ontvlug (soos Jona) nie.

Dan bly daar net een verklaring vir die beproewinge en lyding oor.. en dit is dat God, ons liefdevolle Vader dit oor ons bring

- Om ons liefde vir hierdie wêreld af te sterwe
- Om ons verlange na die nuwe wêreld te verinnig
- Om ons soeke na sy genade en vriendelike aangesig te intensiveer
- Om ons vertrouwe op ons eie vermoëns af te leer
- Om ons in afhanklike oorgawe aan God se alvermoë oor te lewer
- Om ons tot gemoedsrus in God se welbehag te bring
- Om ons te troos in sy liefdesalmag wat sal keer dat ons nie bo ons kragte beproef sal word nie

Immers.. ons bely dit in die Kategismus, dat God alles om ons heil ontwil, oor ons bring.. dat alles eindelijk tot ons saligheid moet dien. En hierdie woord: Heil.. of 'verlossing' word ook in ons lewens 'n woord wat deur so baie mense gebruik word.. net soos ook in hierdie Psalm 3. In hierdie geval is dit Dawid se vyande wat hierdie woord in die negatiewe betekenis teen hom gebruik as hulle spot dat daar vir hom geen heil by God is nie... Daar is geen wreder gedagte oor iemand as juis hierdie een nie... want dit beteken dat God in sy reddende almag afwesig is...

Absalom en sy bende soek na Dawid om hom soos 'n wildsbok van kant te maak.... En hulle motiveer hulleself as hulle die rymplek oor en oor opsê: daar is vir hom geen heil by God nie... Dan bedoel hulle dat God hom nie sal laat ontsnap nie, en dat God hom nie sal verlos nie, en dat God nie aan Dawid se kant veg nie... heil het so 'n praktiese en

konkrete betekenis. Dit het in hierdie omstandighede nie net die eenduidige betekenis van die ewige lewe nie, maar ook al die ander dinge van hier en nou wat met die ewige lewe saam gaan: Die daaglikse versorging, die kameraadskap, ware Vaderskap, omgee.

Maar, broeder en suster, ons sal die openbaring van hierdie Psalm glad nie tot sy reg laat kom, as ons die betekenis daarvan slegs verstaan as iets wat op die persoonlike vlak op enigteen van ons betrekking het nie. Hierdie gebeurtenis in die koningskap van Dawid, is 'n skakel wat die lyn van God se koningskap van die begin af reeds verbind aan die koms van Christus en die sameswerings teen sy koningskap oor sy kerk. Dawid tree hier op as die Voorsaad van die Here Jesus Christus, en die sameswering teen Dawid is 'n skadutekening van die stryd wat Christus as ons ewige Koning deur al die eeue heen trotseer. Die bitter hartseer wat so kenmerkend hier geopenbaar word is dat die opstand teen sy koningskap nou juis vanuit die binnekring aangevuur word, vanuit die koningshuis, sy eie mense. Die kerk se mense, die mense wat met hulle stroperige sjarme die kerk agter hulle self aan verlei en verlok. Watter geweldige slag het die duiwel nie al deur die eeue op hierdie manier in die kerk geslaan nie. Mense wat die gesag wat die HERE self daar gestel het, nie wil erken nie, en dan op hulle eie 'n opstand teen die HERE organiseer. Dan kom daar noodwendig 'n breuk in die kerklike geledere. Hoe vreeslik moet dit nie wees om in die hande van die lewende God te val nie. En hierdie dimensie van Dawid se gebedstryd, moet ons veral vreesbevange maak. Dit moet ons tot diepe selfondersoek bring. Hoe stel ons onself teenoor diegene wat Hy geroep en bevestig en oor ons aangestel het? Hoe staan ons teenoor diegene wat gesalf is om sy koningskap oor ons te bedien? Hoe moet ons nie in vrees en angs leef as ons ontdek dat dieselfde gees wat Absalom in sy sameswering gedryf het, ook in ons eie gedagtes posvat nie?

Maar terwyl ons almal saam deel het aan die salwing van Christus, is ons almal vir God 'n koninklike priesterdom. Ons staan almal ook in die koninklike amp as gelowiges.. en ons beleef dikwels die stryd teen ons om Christus wil... op baie maniere... 'n dominee wat in opstand kom, 'n kerkraad wat die kerkvolk op 'n sleeptou neem, 'n vader wat in 'n sameswering betrokke is, 'n vrou wat murmureer en protesteer, kinders wat in opstand kom.. noem maar op. Maar ook allerhande ander pynlike terugslae en aanvegtinge wat dreig om ons in opstand teen die HERE te bring.. dat ons so maklik die twyfelslagspreuk intrek dat daar vir ons geen heil by God is nie..

Juis daarom is hierdie gebed van Dawid altyd weer so aktueel.

Kyk maar hoe blink die leer van die saligheid in hierdie Psalm uit.

Ons heil is nie iets wat in onself opgesluit is nie, maar dit is God se guns wat ek ontvang ten spyte van my onverdienste. Ons durf nooit waag om te beweer dat heil by onself te vinde sou kon word nie. Alleen op een manier kan ons ware verlossing vind... en dit is soos dit hier geskryf staan... by God. Ware verlossing is buitekant onself te vinde... en die vyand weet dit ook alte goed.... Daarom wensdenk hulle oor God se gesalfde, dat daar vir hom geen heil by God sal wees nie.

Nou moet ons hierdie gedagte diep deurdink geliefdes. Want dit is nie net die feit dat ons heil by God alleen lê nie, maar ook die wyse waarop Hy ons heil en verlossing is, wat hier geopenbaar word. Wat Dawid hier in die skadubeeld van Christus ondervind, dit het Christus tot die alleruiterste toe beleef toe sy eie mense teen Hom opgestaan en Hom gekruisig het. Hy is heeltemal van God se guns afgesny om ons ontwil. Sodat in sy oorwinning, ook sy volmaakte verdienste ons toegereken kan word en ons nooit meer deur God verlaat word nie dit is die rede waarom daar vir die gelowiges wel heil by God kan wees... omdat ons welverdiende onheil op Christus gewreek is. Daarom ook het Dawid nie op homself kon roem nie...

*Toe sê die koning vir Sadok: Bring die ark van God terug in die stad. As ek genade vind in die oë van die HERE, sal Hy my terugbring, en Hy sal my dit en sy woning laat sien. (2 Sam 15:25)*

Dawid het sy geloofsoog op die genadetroon van God gerig.. op die ark van die HERE... en hierin word die hele openbaring van God se heilsdade saamgetrek. Die Messiaskoning wat aan die regterhand van die Vader moet plaasneem, en sy onoorwinlike koningskap bevestig... selfs al moet dit ondanks onself wees:

*Maar as Hy so sê: Ek het in jou geen behae nie—hier is ek! Laat Hy met my doen soos goed is in sy oë. (2 Sam 15:26)*

En nou staan die gelowige in 'n persoonlike verhouding met die lewende God, en dit maak dat die gelowige sy God op 'n besondere manier proefondervindelik ken... Heil kry ook praktiese inhoud. Vers 4: Die Here is 'n skild wat my beskut.. Dieselfde woorde wat Hy aan Abraham gesê het... dat Hy vir Abraham 'n skild sal wees, is 'n beeld uit die

oorlogsveld. 'n Skild is 'n verdedigingswapen... dit weer die vurige pyle van die vyand af, en dit is 'n buffer wat die houe van die vyand absorbeer. So beskerm die skild my sodat ek ongeskonde bly. Die Here se betrokkenheid by my lewe is so beskermend soos 'n skild.

Ook verder word die nabyheid van die HERE beskrywe as die eer van die gelowige. Dit is die ervaring van sy verhouding met God.. dat sy eer nie in die mens self is nie, maar God is sy eer. Die teenoorgestelde wat die doodsvyande met my wil regkry. Hulle wil my in die skande laat kom. Die duiwel, die wêreld en my sondige natuur is aktiewe werkers om my kop in skaamte te laat sak. En as die mens op homself moes staatmaak, dan sou ons wel oneervol uit die stryd tree. Maar juis daarom bely ons dat ons heil by God is en dat Hy ons skild is. 'n mees effektiewe skild in die hewigste aanvalle, sodat die uitkoms van die veldslag gunstig is. Omdat die Here my skild en my eer is, kan ek weer my geboë hoof in oorwinningsblydskap ophef. So gewapend gaan die gelowige sy doodsvyande tegemoet.

Dan kan my onstuimige gemoed tot rus kom, en kalmte neem weer die regte plek in. Ek kan gaan lê en aan die slaap raak, midde in die grootste gevaar... selfs al weet Dawid dat Absalom se trawante besig is om die Olyfberg te fynkam.. al staan tienduisende van mense rondom teen hom.. nogtans kan hy op sy versteekte plekkie gaan lê en aan die slaap raak... en werklik ook môre oggend ongeskonde wakker word omdat die HERE hom ondersteun het... ja die heil behoort aan die HERE. Sy Gees het my ondersteun, sy herderstaf het die Vyand afgeweer, op die kakebeen geslaan, die tande stukkend gebreek. Die vyand se byt is onttrag. Daarom wil my siel weer herleef, ek wil opspring en die HERE toeroep: Staan op HERE, Verlos my, my God! Ek het nuwe krag ontvang om die stryd wat vir my voorlê aan te durf, want ek sien reeds ver vooruit. Ek sien die heerlijkheid wat wag. Ek sien die stad van Goud, ek sien die troon wat omhul is in in die skitterglans van Jaspis.. ek sien hoedat elke knie in die hemel en op aarde en onder die aarde neerbuig voor Hom wat op die troon sit en erken dat Jesus die Here is tot roem en eer van die Vader. Die heil behoort alleen aan die HERE!

Amen.